A. F. Turnbull, Vereeniging — Finale dokument vir voorlegging aan Raad word voorberei.

Enkelfase Wisselstroom Motore :

H. J. de Bruin, Roodepoort — Dokument word nog bespreek.

Drie-fase Induksie Motore :

P. J. Botes, Roodepoort — Dokument word nog bespreek.

Elektriese Stowe en Kookplate :

W. J. Cronje, Buite- Stedelike Gebiede — Finale dokument vir voorlegging aan Raad word voorberei.

Ligdempers :

J. E. Heydenrych, Middelburg — Dokument word nog bespreek.

Hittebestaande Kabels :

A. J. van der Berg, Krugersdorp—Word voorberei vir kommentaar.

Opgaarbatterye vir Gebruik in Motorvoertuie :

G. C. Theron, Vanderbijlpark — Dokument word nog bespreek.

Kontaktors :

F. J. van der Merwe, Stilfontein—Dokument word voorberei vir voorlegging aan Raad.

Patroontipe Sekeringskabels :
Patroontipe Elektriese Sekerings :

A. H. L. Fortman, Boksburg — Dokumente word nog bespreek.

Elektriese Opgaar-Waterverwarmers :

A. J. van der Berg, Krugersdorp — Dokument word nog bespreek.

Elektriese Yskaste en Voedselvriesers :

G. B. Heunis, Standerton — Word voorberei vir kommentaar.

Conductors for Overhead Electrical Transmission Lines :

D. Briers, Kroonstad — Part 1, dealing with copper conductors, being prepared for submission to Council. Parts 2 and 3, dealing with aluminium and steelcored aluminium conductors, being prepared for comment.

Core Balance Earth Leakage Protection Units :

F. J. van der Merwe Stilfontein — First committee document being prepared.

Moulded Case Circuitbreakers :

F. J. van der Merwe, Stilfontein — First committee document being prepared.

Co-ordinating Committee on Noise :

W. J. Cronje, Peri-Urban Areas — First Committee document being prepared.

Colour and Mono-chrome Television Receivers :

J. A. Loubser — Document still under discussion.

Installation, Wiring and use of Electrical Equipment in Anaesthetising and similar locations — COP :

L. Futcher, Kempton Park — Document still under dsicussion. Being sub-divided into four parts.

The S.A.B.S. was exceptionally active during the past year and the Association again had to call on the help of numerous engineer members in order to man all the technical committees.

The question of the establishment of working committees in the different branches of the A.M.E.U. to discuss those specifications under review which are of prime importance to municipal electrical engineers, are being investigated. I wish to thank Mr Middlecote and other members of the S.A.B.S. for their kind assistance.

P. J. BOTES,
Convener.

D. C. PLOWDEN,
E. E. de VILLIERS
Representatives.

Geleiers vir Bogrondse Elektriese Verspreidingslyne :

D. Briers, Kroonstad — Deel 1 wat handel oor koper geleiers word voorberei vir voorlegging aan Raad Dele 2 en 3 wat handel oor aluminium en staalkern aluminium geleiers word voorberei vir kommentaar

Kernbalans Aardlekkasie Beveiligingseenhede :

F. J. van der Merwe, Stilfontein — Eerste komitee dokument word voorberei.

Gevormde Omhulsel Stroombrekers :

F. J. van der Merwe, Stilfontein — Eerste komitee dokument word voorberei.

Ko-ordinasie Komitee :

W. J. Cronje, Buite-Stedelike Gebiede — Eerste komitee dokument word voorberei.

Kleur en Eenkleur Televisie Ontvangstoestelle :

J. A. Loubscher — Dokument nog steeds onder bespreking.

Gebruikskode vir Installering, Bedrading en Gebruik van Elektriese Toerusting in Narkose en Soortgelyke Lokale :

L. Futcher, Kempton Park — Dokument nog onder bespreking. Word onderverdeel in vier afdelings.

Die S.A.B.S. was gedurende die afgelope jaar besonder aktief en die Vereniging moes die hulp van talle ingenieurslede inroep ten einde al die tegniese komitees te beman.

Die kwessie van die daarstelling van werke**komitees in die onderskeie takke van die V.M.E.O.** om daardie spesifikasies wat onder hersiening is, en van buitengewone belang vir munisipale elektrotegniese ingenieurs is, te bespreek, word nog ondersoek. Ek wil graag Mnr. Middlecote en ander lede van die S.A.B.S. bedank vir hulle vriendelike bystand.

P. J. BOTES,
Sameroeper.

D. C. PLOWDEN,
E. E. de VILLIERS
Verteenwoordigers.

TRAINING OF TECHNICAL STAFF

A memorandum from the Sub-Committee appointed to investigate the training of technical staff for electricity supply authorities has been considered by the Executive Council, who adopted the following recommendations :

(a) That the U.M.E. be requested to approve of the appointment by the A.M.E.U. of a special committee, to investigate the feasibility, methods of financing and the introduction of suitable supplementary practical training facilities and the method of obtaining contributions from local authorities who cannot provide this facility individually; also to co-operate on these lines with private industrial concerns similarly placed.

(b) To investigate the introduction of adult training schemes on a national basis on the lines set out in Annexure B to this memorandum.

(c) That an approach be made to the various Provincial Education Departments, with the full backing of the U.M.E., with the view of obtaining their full support for publicising the value of the Engineering Technician Sandwich Course Training available at the Country's Colleges for Advanced Technical Education.

(d) That all supply Authorities agree to the designation of the semi-professional group of Engineers, i.e., those holding the qualifications of National Technical Diploma and National Diploma for Technicians being that of "Engineering Technician".

(e) That the Committee also investigate through the Professional Engineers Council the avenue by which certain categories can achieve professioinal status.

A copy of this memorandum together with the Executive Council's resolutions quoted above was referred to the United Municipal Executive of South Africa, who replied on the 1st September, 1971, as follows :

"The contents of the memorandum which was forwarded with your letter of the 15th April, 1971, were noted with interest at a meeting of the United Municipal Executive on the 19th-20th August, 1971.

The Executive approves in principle the appointment by your Association of an investigating commi'tee as outlined in the memorandum, and

OPLEIDING VAN TEGNIESE PERSONEEL

'n Memorandum van die Sub-Komitee wat aangestel is om die opleiding van tegniese personeel vir elektrisiteitsvoorsieningsowerhede te ondersoek, is deur die Uitvoerende Raad oorweeg, wat die volgende aanbevelings gedoen het :

(a) Dat die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika versoek word om goedkeuring te gee tot die aanstelling deur die V.M.E.O. van 'n spesiale Komitee om ondersoek in te stel aangaande die doenlikheid, metodes van finansering en die daarstelling van geskikte aanvullende praktiese opleidingsfasiliteite en die metode om bydraes van plaaslike owerhede wat nie individueel dié fasiliteite kan voorsien nie te bekom; ook om op dieselfde wyse met private industrieële instansies wat in soortgelyke omstandighede verkeer, saam te werk.

(b) Om ondersoek in te stel aangaande die invoering van volwasse opleidingskemas op 'n nasionale grondslag volgens die laidrade in Bylae B tot die Memorandum, uiteengesit.

(c) Dat die verskillende Provinsiale Onderwysdepartemente, met die volle steun van die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika, genade word met die doel om hulle volle steun te verkry vir reklame oor die waarde van die stapelkursusse vir ingenieurstegniese, wat beskikbaar is by die land se Tegniese Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwyse.

(d) Dat alle Voorsieningsowerhede instem oor die ampsbenaming van die half-professionele groep ingenieurs, naamlik diegene wat die kwalifikasie van Nasionale Tegniese Diploma en Nasionale Diploma vir Tegnici het, naamlik die ampsbenaming van „Ingenieurstegnikus".

(e) Dat die Komitee ook, deur die Raad van Professionele Ingenieurs, sal ondersoek instel aangaande die kanale waardeur sekere groepe professionéle status kan verkry.

'n Afskrif van die Memorandum, tesame met die Uitvoerende Raad se besluite, soos hierbo aangehaal, was verwys na die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika, wat as volg geantwoord het op 1 September 1971 :

"Die inhoud van die memorandum wat aangestuur is met u brief van 15 April 1971, is met belangstelling kennis van geneem op 'n vergadering van die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika gehou op 19-20 Augustus 1971.

Die Bestuur keur die aanstelling van 'n kommissie van ondersoek deur u vereniging soos aangedui in die memorandum in prinsiep goed, en

in doing so it suggests that you should seek the co-operation of the Department of National Education and invite the Department to be represented on the committee",

To enable further progress to be made, and before discussion with the Department of National Education, it was considered necessary to have some indication of the numbers of trainees likely to be involved in the various categories and also of the extent to which local authorities might be able to support provision of training facilities. To obtain this information a questionnaire has been sent to all Engineer Members and Associate Members with a return date fixed as the 29th February, 1972.

In the meanwhile the project has been discussed briefly with the Deputy Director (Technology) of the Witwatersrand College for Advanced Technical Education, who showed keen interest and willingness to assist where possible.

D. C. PLOWDEN
Convener.

sodoende stel dit voor dat u die samewerking van die Departement van Nasionale Onderwys sal soek en die Departement sal uitnooi om op die komitee verteenwoordig te wees".

Ten einde verdere vordering te kan maak, en voor bespreking met die Departement van Nasionale Onderwys, word die nodig geag om 'n idee te kry van die waarskynlike getal kwakelinge in die verskeie groepe asook van die mate waartoe plaaslike owerhede instaat mag wees om voorsiening van opleidingsfasiliteite te ondersteun. Ten einde hierdie inligting te verkry, is 'n vraelys gestuur aan al die Ingenieurslede en Assosiassielede, met die keerdatum vasgestel op 29 Februarie 1972.

Intussen is die skema kortliks bespreek met die Adjunk Direkteur (Tegnologie) van die Witwatersrand Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys, wat 'n lewendige belangstelling en gewilligheid om te help waar moontlik, getoon het.

D. C. PLOWDEN,
Sameroeper,

CO-ORDINATING COMMITTEE FOR HIGH-VOLTAGE RESEARCH AND TESTING FACILITIES

The sixth meeting of the Committee was held at the C.S.I.R., Pretoria, on Friday, 8th October, 1971, and the following are the main points arising from the proceedings :

(1) Co-operative Research

The need for co-operative research was discussed particularly where the topics were beyond the field of specialised co-ordinators, Mr Anderson listed the co-operative research projects at present in operation, namely :

(a) Apollo 400 kV Recording Station;

(b) Olifantsfontein Surge Recording Station;

(c) RWB Project on Rotating Machine Insulation;

(d) Municipality of Durban 33 kV Transmission Line Project;

(e) S.A.R. Project on Traction Motor Insulation.

(2) Lightning Research in South Africa

Mr Anderson described the progress made during the past year at the three C.S.I.R. Institutes working in this field. He also mentioned that the C.I.G.R.E. Working Group during their recent meeting in Lugano had emphasised the importance of studying some of the more fundamental lightning parameters in various parts of the world.

Mr van Wyk reported on the recent C.S.I.R. internal discussions concerning lighting research in South Africa.

(3) Corona Research

Professor Heymann reported that at present the main emphasis of the work on corona was on the radio noise aspects and he described the progress made on the two projects in operation.

(4) Earthing

In the absence of Mr Middlecote, Professor Hellawell said that there was little to report at this stage. A circular to a number of interested persons and organisations indicated support for the study of earthing problems and recommendations had been made for the sub-division of the subject.

(5) Insulation and Internal Discharges

Professor Hellawell's report under this heading

KO-ORDINERINGSKOMITEE VIR HOOGSPANNINGSNAVORSING EN TOETSFASILITEITE

Die sesde vergadering van die Komitee is by die W.N.N.R., Pretoria gehou op Vrydag, 8 Oktober 1971 en die volgende is die belangrikste onderwerpe wat uit die verhandelinge voortgevloei het :

(1) Ko-operatiewe Navorsing :

Die behoefte vir ko-operatiewe navorsing is besprcek in besonder waar die onderwerpe buite die bestek van gespesialisseerde samewerkers geval het. Mnr Anderson het die huidige ko-operatiewe navorsingsprojekte opgenoem as volg :

(a) 400 kV Apolloregistreerstasie;

(b) Stuwingsregistreerstasie te Olifantsfontein;

(s) Randwaterraadprojek oor isolasie van roterende masjiene;

(d) 33 kV transmissielynprojek van die Durbanse Munisipaliteit;

(e) S.A.S. se projek oor traksiemotorisolasie.

(2) Weerlignavorsing in Suid-Afrika

Mnr. Anderson het die vordering wat gedurende die afgelope jaar gemaak is by die W.N.N.R. instituut, werksaam in die verband, beskryf. Hy het ook gemeld dat C.I.G.R.E. Werkgroep, gedurende hulle onlangse vergadering in Lugano, die belangrikheid van die studie van sommige van die meer fundamentele weerligparameters op verskillende plekke van die wereld, beklemtoon het.

Mnr. van Wyk het verslag gedoen omtrent die onlangse W.N.N.R. interne besprekings aangaande weerlignavorsing in Suid-Afrika.

(3) Koronanavorsing

Professor Heymann het verslag gedoen dat op die oomblik die klem van die werk oor korona veral val op die radiosteuringsaspekte en hy het die vordering aan die twee projekte waaraan gewerk word, beskryf.

(4) Aarding

By die afwesigheid van Mnr. Middlecote het Professor Hellawell gesê, dat daar weinig is om oor verslag te doen op hierdie tydstip. 'n Omsendbrief aan 'n aantal belangstellende persone en instansies het ondersteuning vir die studie van aardingsprobleme aangedui en aanbevelings is gedoen vir die onderverdeling van die onderwerp.

(5) Isolasiemateriaal en Interne Ontladings

Professor Hellawell se verslag onder hierdie hoof

was given in two sections. The first dealt with the formation and first meeting of a Working Group under his chairmanship. At this meeting it was found that for the time being the main concern of the Group would be with the problems of rotating machine insulation. In the second part of his report he described the progress under various insulation projects.

During the discussion that followed his report, several members of the Committee suggested that Professor Hellawell's Working Group should not restrict themselves to machine insulation alone but should also concern themselves with the problems of transformer and cable insulations.

(6) External Insulation and Pollution

Professor Hellawell reported on behalf of Mr van Alphen on the formation of a Working Group in this field under the auspices of the S.A.B.S. Progress is being made with the establishment of exposure stations at various locations in the country, and willingness to jointly co-operate in these projects was expressed by Escom, S.A.B.S. Col. Webster of Cape Town University and Mr Barnard on behalf of the A.M.E.U.

(7) Progress Reports on Research Projects

Reports were submitted on the following research projects :

(a) Apollo 400 kV Recording Station;

(b) Silverton 11 kV Surge Recording Station;

(c) The Olifantsfontein SAR Surge Recording Station;

(d) Fault Recording and Reporting;

(e) Escom National EHV Research Centre;

(f) High Voltage Research Facilities for the C.S.I.R.

(8) Proposals for New Research Projects.

Mr Anderson said at the previous meeting it had been suggested that there were a number of user organisations such as the A.M.E.U. who did not undertake research but were in a position to make recommendations on research requirements and it was proposed therefore, in future high voltage schedules, would make provision for suggested research projects.

Mr Barnard said that this question had been included in a circular to the A.M.E.U. members and it appeared that in general problems were experienced with insulation at 11 kV levels.

is in twee dele gegee. Die eerste het gehandel oor die instelling en eerste vergadering van 'n werksgroep onder sy voorsitterskap. Op die vergadering is dit bevind dat die groep tans hoofsaaklik met isolasie probleme in verband met roterende masjiene gemoeid sal wees. In die tweede deel van sy verslag het hy die vordering in verskillende isoleringsprojekte beskryf.

Gedurende die bespreking wat op sy verslag gevolg het, het verskeie lede van die Komitee voorgestel dat Professor Hellawell se Werksgroep hulleself nie sal beperk tot majienisolasie alleenlik nie, maar hulleself ook sal bemoei met transformator en kabelisoleering.

(6) Eksterne Isolasie en Besoedeling

Professor Hellawell het namens Mnr. van Alphen verslag gedoen oor die samestelling van'n werksgroep in dié gebied onder beskerming van die S.A.B.S. Vordering word gemaak met die oprigting van blootstellingsterreine op verskillende plekke in die land en gewilligheid om gesamentlik saam te werk aan die projekte is uitgespreek deur Evkom, S.A.B.S. Kol. Webster van die Kaapstadse Universiteit en Mnr. Barnard namens die V.M.E.O.

(7) Vorderingsverslae oor Navorsingsprojekte

Verslae is ingedien oor die volgende navorsingsprojekte :

(a) 400 kV Apolloregisteerstasie;

(b) Die Silver onse 11 kV stuwingsregistreerstasie;

(c) Die S.A.S. se stuwingsfegistreerstasie te Olifantsfontein;

(d) Foutregistrasie en foutmeedeling;

(e) Die Nasionale Evkom Ekstrahoëspannings navorsingsentrum;

(f) Hoogspanningsfasiliteite vir die W.N.N.R.

(8) Voorstelle vir Nuwe Navorsingsprojekte

Mnr. Anderson het gesê, dat daar op 'n vorige vergadering voorgestel is dat daar 'n aantal verbruiksorgnisasies is soos byvoorbeeld die V.M.E.O., wat nie self navorsingswerk onderneem nie maar wat instaat is om aanbevelings te maak aangaande navorsingsbenodighede en dit was gevolglik voorgestel dat in die toekoms voorsiening gemaak word in die skedules vir navorsingsprojekte wat aan die hand gedoen word.

Mnr. Barnard het gesê dat die vraag ingesluit was in 'n omsendbrief aan die V.M.E.O. lede en dit het geblyk dat, oor die algemeen, probleme ondervind word met isolasie op 11 kV gebiede.

(9) General

It was agreed that the Committee would continue to meet once per year formally in October when the Co-ordinators would present their report and once informally in approximately April each year. It was further agreed that these informal meetings should be held at various locations around South Africa. A full report could be given on one of the research projects presently in hand. The Chairman suggested that the next meeting be an informal one and it was agreed that it would be held in April-May 1972, probably at a venue in Cape Town.

(10) Summary of Schedules.

(a) Schedule 1

(i) Basic research in progress — 19 projects

(ii) Applied research and testing in progress — 21 projects.

(iii) Research and testing planned — 12 projects.

(iv) Proposed future research and testing — 25 projects.

(v) Research completed during 1970/71 — 17 projects.

(vi) Co-operative research projects — 6 projects.

(b) Schedule 2

High Voltage Facilities at the Universities of the Witwatersrand, Pretoria, Cape Town and Natal, C.S.I.R., S.A.B.S., ESCOM, S.A.R. and A.M. E.U. were updated.

(c) Schedule 3

Seventeen additional publications were added to the list of publications, theses and reports.

D. C. PLOWDEN,
Representative.

(9) Algemeen

Daar is saamgestem dat die Komitee sal voortgaan om een maal per jaar, in Oktober formeel saam te kom, wanneer die ko-ordineerders hulle verslag sal voorlê, en eenmaal informeel rondom April elke jaar. Daar is verder saamgestem dat hierdie informele vergaderings op verskillende plekke oor Suid-Afrika gehou behoort te word. 'n Volle verslag kan dan gedoen word oor een van die navorsingsprojekte op hande. Die Voorsitter het voorgestel dat die volgende vergadering 'n informele een sal wees en daar is saamgestem dat dit in April-Mei 1972 gehou sal word, waarskynlik in 'n bymekaarkomplek te Kaapstad.

(10) Opsomming von Bylaes

(a) Bylae 1

(i) Lopende basiese navorsing — 19 projekte.

(ii) Lopende toegepasde navorsing en toetse — 21 projekte.

(iii) Navorsing en toetse beplan — 12 projekte

(iv) Voorgestelde toekomstige navorsing en toetse — 25 projekte.

(v) Navorsing voltooi gedurende 1970/71 — 17 projekte.

(vi) Ko-operatiewe navorsingsprojekte — 6 projekte.

(b) Bylae 2

Hoogspanningsfasiliteite by die Universiteite van die Witwatersrand, Pretoria, Kaapstad en Natal, W.N.N.R., S.A.B.S., Evkom, S.A.S. en V.M.E.O. is op datum gebring.

(c) Bylae 3

Sewentien bykomstige publikasies is toegevoeg tot die lys van publikasies, tesisse en rapporte.

D. C. PLOWDEN
Verteenwoordiger.

REPORT OF THE RECOMMENDATIONS COMMITTEE FOR NEW ELECTRICAL COMMODITIES

It may be useful to members to describe briefly the composition and function of the Committee :

A.M.E.U. : R. W. Barton (Chairman) and E. de C. Pretorius.

Johannesburg Electricity Department : D. C. Plowden.

S.A.I.E.E. : J. T. Williams and R. A. Leigh.

Escom : J. W. Barnard and R. A. Forbes.

S.A. Association of Consulting Engineers : R. Everatt.

S.A.B.S.: J. V. Grant and B. C. Lawrence.

Electrical Engineering and Allied Industries Association : J. A. Morrison

Electrical Contractors Association : M. Jochelson and F. A. Michael.

Department of Posts and Telegraphs : A. F. W. Eggers.

Secretaries : Davidson and Ewing (Pty.) Ltd.

The function of the Committee is to consider new electrical commodities for which there is no S.A.B.S. specification and to advise A.M.E.U. members regarding their suitability for use.

Such consideration is based on a detailed description, inspection of samples, tests conducted by the S.A.B.S. or other responsible organisation, and practical experience of the commodity.

The responsibility of deciding whether the commodity may be used in an area rests on the individual City or Town Electrical Engineer, who is invited to make use of the Committee's findings as circularised to all members.

In the case of a commodity for which a S.A.B.S. specification exists, the onus lies with the individual Engineer to permit its use only if it complies with such specification.

It should be noted that portable appliances do not fall within the scope of the Committee.

During the year 1971 no less than five meetings were held, at which 31 commodities were considered, of which 24 were recommended for use, indicating that the Committee continues to serve a useful purpose.

A newcomer welcomed to its ranks was the Department of Posts and Telegraphs, represented by Mr A. F. W. Eggers, since an increasing number of items are being received which are of interest to the Department, such as power skirtings with provision for telephone cables.

Thanks are due to the members of the Committee for their valuable work on our behalf and also the S.A. Bureau of Standards for carrying out the necessary tests with a special word of appreciation for Miss Elaine Brewin representing the Secretaries.

R. W. BARTON,
Convener.

REPORT ON S.A.N.C.I. CONGRESS 1971

The Eighteenth Annual General Meeting and Congress of S.A.N.C.I. was held in the Library Hall, East London, from the 26th to the 28th April, 1971.

The theme of the Congress was "Lighting, today and tomorrow". It was opened by His Worship the Mayor of East London, Councillor David Lazarus, J.P., M.P.C., who, in a witty speech which, incidentally, he wrote himself, expressed the appreciation of all local authorities for the invaluable work being performed by S.A.N.C.I.

Presidential Report :

In his Presidential Report, Dr W. Rennhackkamp said that the lighting industry had now become well established in the Republic, being a nearly R50 000 000 industry. The intergration of air conditioning and artifical lighting and the intergration of daylighting with artificial lighting were aspects receiving a lot of attention.

Streetlighting developments were considerable and would undoubtedly result in a reduction of the road accident rate and a reduction in crime, particularly in the Bantu areas.

The advent of television would present a great challenge to our members since lighting both in studios and out-of-doors would have to be properly designed, for both intensity and colour.

Dealing with the work of the many active subcommittees the President said that copies of the guides for rugby and soccer field lighting are available to members on request. The final draft of the second part of the code for Street and Highway Lighting, covering such aspects as roundabouts, complex interchanges, on and off ramps, etc., had been accepted by the main committee and was being edited to be distributed for comments. The code committee had decided to proceed with the drafting of a clause on tunnel lighting.

Dealing with Code of Practice on Interior Lighting, the first of part one on recommended levels of illumination, glare prediction, etc., was nearing completion, after which work on the second part of the code, concerning daylight, would commence.

In the international field S.A.N.C.I. were active on numerous C.I.E. sub-committees and a substantial delegation would attend the C.I.E. session in Barcelona in September 1971.

Executive Committee :

Three engineer-members of the A.M.E.U. were

VERSLAG OOR S.A.N.K.V.—KONGRES 1971

Die agtiende Algemene Jaarvergadering en Kongres van die S.A.N.K.V. is in die Biblioteeksaal, Oos-Londen, gehou vanaf 26 tot 28 April 1971.

Die tema van die kongres was "Verligting, vandag en môre." Dit is geopen deur Sy Agbare die Burgemeester van Oos Londen, Raadslid David Lazarus V.R., L.P.R. In 'n luimige toespraak, wat hy terloops self geskryf het, het die waardevolle werk van alle plaaslike owerhede vir die waardevolle werk wat deur die S.A.N.K.V. gedoen word, uitgespreek.

Presidentsrede:

In sy Presidentsrede het Dr. W. Rennhackkamp gesê dat die verligtingsnywerheid nou goed gevestig geraak het en reeds byna 'n R50 000 000 nywerheid geword het. Die integrasie van lugversorging en kunsmatige verligting en die integrasie van daglig met kunsmatige verligting is aspekte wat 'n groot mate van aandag geniet.

Straatligontwikkelinge is van aansienlike omvang en sal ongetwyfeld veel bydra tot die vermindering van padongelukke sowel as 'n afname in misdaad, veral in die Bantoegebiede.

Die koms van beeldradio sal 'n groot uitdaging vir ons lede inhou, aangesien verligting, sowel in ateljees as buitemuurs, behoorlik ontwerp sal moet word vir sowel intensiteit as kleur.

Toe hy die werk van die talryke aktiewe subkomitees behandel het, het die President gesê dat afskrifte van die handleidings vir die verligting van rugby- en sokkervelde op versoek aan lede beskikbaar gestel kan word. Die finale konsep van die tweede gedeelte van die kode vir die verligting van strate en hoofpaaie, wat sulke aspekte soos verkeersirkels, ingewikkelde wisselaars, op- en afritte ens. dek, is deur die hoofkomitee aanvaar en word tans geredigeer met die oog op die verspreiding daarvan vir kommentaar. Die kodekomitee het besluit om voort te gaan met die opstelling van 'n kode vir die verligting van tonnels.

In verband met die gebruikskode vir binnenshuis verligting, sê hy dat die eerste gedeelte van Deel Een in verband met aanbevole verligtingspeile, die voorspelling van skittering ens. tans voltooiing nader, waarna die werk aan die tweede gedeelte van die kode, wat met daglig te doen het, sal begin.

Op internasionale gebied is die S.A.N.K.V. bedrywig in talryke C.I.E.-subkomitees en 'n sterk afvaardiging sal die C.I.E.-sitting in Barcelona in September 1971 bywoon.

Uitvoerende Komitee:

Drie ingenieurlede van die V.M.E.O. is tot Uit-

elected to the Executive Committee, in the persons of Mr J. von Ahlften and, as country members, Messrs K. Robson and R. W. Barton.

Papers :

The following papers, all of high quality, were presented :

1. The Lighting of Museums and Historical Buildings.

The paper by Mr J. B. Harris, one of the two guest speakers from overseas, traced the development of museum lighting, from the early gas burners to the present day flourescent tubes of various colours. This development accompanied the change in the conception of museums as mere repositories to cultural centres, where presentation could well involve intergration of light, sound and movement. A thorny problem arises from the fact that many exhibits, paintings, for instances, are damaged by light intensities exceeding 20 lux.

2...Stage Lighting in the New Nico Malan Theatre Complex.

In this paper Mr A. H. Haak described the stage lighting equipment in the new Nico Malan Theatre in Cape Town. It is the most modern and versatile equipment available and offers infinitely variable lighting. The lighting programme of a complete opera can be pre-set on punch cards, with over-riding manual control by the operator if necessary. Short-term storage systems which can register 40 settings simultaneously are used during rehearsals to permit quick changes. In the opera house there are 200 dimable circuits rated at 1100 kV, while the drama theatre has 160 circuits rated at 900 kV.

3. New Lamps for Old.

Mr D. W. Young surveyed the development of lamps during the past 100 years which led to the description of the modern lamps of today and how they operate, with an indication of how lamps can evolve into the light sauces of the next decade and later.

4. Lighting Design Development in Western Europe.

Mr F. Drijver, the other guest speaker from overseas direct in a philosophical style with the development of lighting design in Western Europe, especially in its relation to architecture and people. While showing that technology had outstripped management, he saw hope for the future in that the emphais was moving towards quality of lighting rather than quantity.

voerende Komitee verkies, te wete mnr. J. von Ahlften en mnre. K. Robson en R.W. Barton as plattelandse lede.

Referate :

Die volgende referate, wat almal van hoë gehalte was,, is gelewer:—

1. „Die Verligting van Museums en Historiese Geboue."

Die referaat deur mnr. J. B. Harris, een van die twee gassprekers van oorsee, het 'n oorsig gegee van die verligting van museumgeboue, vanaf die vroeë gasbranders tot by die hedendaagse fluoresserende buise van verskillende kleure. Hierdie ontwikkeling gaan gepaard met die verandering van die konsepsie van museums as blote bewaarplekke tot kultuursentrums, waar die voorstellings gebruik kan maak van die integrasie van lig, klank en beweging. 'n Moeilike probleem spruit voort uit die feit dat baie uitstallings, soos bv. skilderye, beskadig kan word deur lig-intensiteite van meer as 20 lux.

2. „Verhoogverligting in die nuwe Nico Malan-Teaterkompleks."

In hierdie referaat het mnr. A. H. Haak 'n beskrywing gegee van die verhoog-verligtingstoerusting in die nuwe Nico Malan-teater in Kaapstad. Dit is die mees moderne en veelsydige toerusting wat beskikbaar is en bied 'n oneindige variasie van verligting. Die verligtingsprogram van 'n hele opera kan vooraf op ponskaarte aangebring word, met handbeheer deur die operateur indien nodig. Korttermyn-bergingstelsels wat 40 toneelskikkings gelyktydig kan registreer. word gedurende repetisies gebruik om vinnige veranderinge moontlik te maak. In die operahuis is daar 200 verdofbare stroombane van 1100 K.W., terwyl die drama-teater 160 stroombane met 'n aanslag van 900 K.W. het.

3. „Nuwe Lampe vir Oues"

Mnr. D. W. Young het 'n oorsig gegee van die ontwikkeling van lampe gedurende die afgelope 100 jaar, wat gelei het tot 'n beskrywing van die moderne lampe van vandag, met 'n aanduiding van hoe lampe kan ontwikkel in die ligbronne van die volgende dekade en later.

4. „Die Ontwikkeling van Verligtingsontwerp in Wes-Europa"

Mnr F. Drijver, die ander gesspreker van oorsee, het op filosofiese wyse 'n oorsig gegee van die ontwikkeling van verligtingsontwerp in Wes-Europa, veral in sy verhouding tot argitektuur en mense. Terwyl hy bewys het dat die tegnologie die bestuurswese verbygestreef het, het hy nogtans hoop vir die toekoms gesien in die feit dat die klem besig was om te verskuif

5. Die Algemene Verligting van 'n Teater vir die Uitvoerende Kunste.

In this very practical paper, Mr H. B. Grobler surveyed the general lighting requirements of a theatre, that is lighting of the auditorium, foyers, dressing rooms, passages and other functional areas. Suggestions were made regarding lighting fittings and circuits and illumination levels were established.

6. Motorway Lighting in a Coastal City.

Mr K. G. Robson, City Electrical Engineer of East London, in a paper of great interest to municipal electrical engineers, reported on the lighting of motorways already completed and under construction in East London at an estimated cost of R20 million and reviewed problems encountered in a coastal city with severe climatic and corrosion conditions. The need of standard specifications for luminares was emphasised. Problems of non-standard light sources of the mercury halide and high pressure sodium types were examined. Statistical data and information on installation operating and maintenance costs of motorway lighting installations in East London were supplied.

7. The Optometrist and Lighting Today.

Mr D. K. Turnbull defined optometry as the profession which deals specifically with the correction of visual problems, particularly in the healthy person. The full scope of optometry was briefly explained. Illumination, as understood by the optometrist, was discussed. Finally, the topic "stereopsis and illumination" was used as an example of common ground between the illumination engineer and the optometrist.

8. Spatial and Directional Illumination in Theory Practice.

Mr J. C. Krause emphasised the importance of taking account of the spatial and directional properties of lighting design particularly as far as modelling is concerned.

The theory of spatial and directional lighting was briefly reviewed and a short description was given of instruments developed for measuring these quantities.

9. The International Spectroradiametric comparison of Flourescent Lamps.

By Mr C. J. Kok and Dr M. C. Boshoff.

The work discussed forms part of an international programme for the intercomparison of fluorescent and mercury arc lamps. A description was given of the vanaf die hoeveelheid van verligting na die gehalte daarvan.

5. „Die Algemene verligting van 'n Teater vir die Uitvoerende Kunste"

In hierdie baie praktiese referaat het mnr H. B. Grobler 'n oorsig gegee van die algemene verligtingsbehoeftes van 'n teater, d.w.s. die verligting van die ouditorium, die portale, kleedkamers, gange en ander funksionele gebiede. Wenke is aan die hand gedoen in verband met ligtoebehore en stroombane en verligtingspeile is daargestel.

6. „Snelwegverligting in 'n Kusstad."

Mnr K. G. Robson, Elektrotegniese Stadsingenieur van Oos-Londen, het in 'n referaat wat vir munisipale elektrotegniese ingenieurs van groot belang was, verslag gedoen oor die verligting van snelweë wat reeds in Oos-londen voltooi of in aanbou is teen 'n beraamde koste van R20 miljoen en het 'n oorsig gegee van die probleme wat in 'n kusstad met strawwe klimaats- en verweringstoestande ondervind word. Daar is nadruk gelê op die noodsaaklikheid van Standaardspesifikasies vir armature. Daar is ondersoek ingestel na die probleme van nie-standaard-ligbronne van die kwik-halide en hoëdruk natriumtipes. Statistiese gegewens is gegee en inligting verstrek in verband met die installasie-, werking- en instandhoudingskoste van snelweg-verligtingsinstallasies in Oos-Londen.

7. „Die Oogkundige en Verligting Vandag."

Dr. D. K. Turnbull het die oogkunde gedefinieer as die professie wat hom spesifiek besig hou met die regstelliing van gesigsprobleme, veral by gesonde persone. Die volle omvang van die optometrie is kortliks verduidelik. Verligting, soos dit deur die oogkundige verstaan word, is bespreek. In die laaste plek is die onderwerp „Stereoptiese gesigvermoë en verligting" gebruik as 'n voorbeeld van die gemeenskaplike terrein van die verligtingsingenieur en die oogkundige.

8. „Ruimtelike en Rigtingsverligting in Teorie en Praktyk."

Mnr J. C. Krause het nadruk gelê op die belangrikheid daarvan om die ruimtelike en rigtingseienskappe van verligtingsontwerp in aanmerking te neem, veral sover dit modellering betref.

Die teorie van ruimtelike en rigtingsverligting is kortliks in oënskou geneem en 'n kort beskrywing is gegee van die instrumente wat reeds ontwikkel is om hierdie hoeveelhede te meet.

9. „Die Internasionale Vergelyking van die Spektrale Straling van Fluoresserende Lampe."

Deur mnr. C. J. Kok en M. C. Boshoff.

Die werk wat bespreek is, vorm deel van 'n internasionale program vir die vergelyking van fluoresserende en kwikbooglampe. 'n Beskrywing is gegee

apparatus and method used to measure the spectral irradiance of three 4ft 40 watt. fluorescent lamps against three tungsten element quartz-iodine. Standard Measurements were made at 5 nm. intervals from 300 nm. to 800 nm. at a temperature of 25 + – 0.5°C. Chromaticities were calculated from the spectroradiometric data and the electrical characteristics of the lamps were also measured. The results were to be discussed at the 1971 C.I.E. meeting.

Discussion Groups :

An innovation at this Congress was the holding of two discussion groups in which all delegates were encouraged to participate. The first dealt with standards of quality in locally manufactured fittings, under the chairmanship of Mr R. Yates, and resulted in an approach to the A.M.E.U. regarding the need for a S.A. Standard Specification for street lighting fittings. The second, under the chairmanship of M. L. Vorster, had as its topic "Quality rather than quantity control in lighting."

Once again the usual high standards of authors and proceedings were in evidence at this very successful congress.

R. W. BARTON,
Representive.

van die apparaat en die metode wat gebruik is om die spektrale straling van drie 4 vt.-fluoresserende lampa van 40 watt te meet teen drie kwartsjoduimlampe met tungsten-elemente. Standaardmetings is geneem met 5 nm.-tussenposes van 300nm. tot 800 nm. teen 'n temperatuur van 25 + –0,5°C. Kleurgehaltes is vanaf die spektrale stralingsgegewens bereken en die elektriese eienskappe van die lampe is ook gemeet. Die resultate sou by die C.I.E.-vergadering van 1971 bespreek word.

Besprekingsgroepe :

'n Nuwigheid by hierdie kongres was die hou van twee besprekingsgroepe waaraan al die afgevaardigdes aangemoedig is om deel te neem. Die eerste een het gehandel oor gehaltestandaarde in plaaslik vervaardigde toebehoere onder die voorsitterskap van mnr R. Yates en het tot gevolg gehad dat die V.M.E.O. genader is met betrekking tot die noodsaaklikheid vir 'n Suid-Afrikaanse standaardspesifikasie vir straatlig-armature. Die tweede, onder voorsitterskap van mnr L. Vorster, het gehandel oor die onderwerp "Gehalte- liewer as hoeveelheidsbeheer in verligting."

Die gewone hoë standaard van referente en verrigtinge is weer eens by hierdie baie suksesvolle kongres gehandhaaf.

R. W. BARTON,
Verteenwoordiger.

REPORT ON THE WORLD ENERGY CONFERENCE

Paraphrasing the words of its Secretary-General, "the World Energy Conference is the sole non-governmental organisation concerned with all energy disciplines and with the means of production, transportation, transformation and utilization of energy in all its aspects, representing National Committees from 67 countries and enjoying consultative status with the Economic and Social Council of the United Nations."

The following bodies are represented on the South African National Committee:—

Electricity Supply Commission
The Association of Municipal Electricity Undertakings.
Atomic Energy Board
Chamber of Mines
Department of Mines
Fuel Research Institute
Council for Scientific and Industrial Research
South African Institute of Electrical Engineers
South African Institute of Mechanical Engineers
South African Railways
Department of Labour
South African Coal, Oil and Gas Corporation Limited
Department of Planning

The South African Committee on Large Dams has observer status.

The Annual Meeting of the South African National Committee was held at Escom Centre, Johannesburg, on the 18th February, 1972, under the Chairmanship of Dr. R. L. Straszacker. The following were amongst the numerous matters discussed:—

Eighth Plenary Meeting: This was held in Bucharest during June, 1972. As visas were not forthcoming for South African citizens, we were not represented. However, it is understood that the three technical papers sponsored by members of the South African National Committee will appear in the proceedings.

The theme of this meeting was "Improving the Utilization of Energy, with Special Reference to Complex Uses." Two-hundred and thirty-four papers were presented. A copy of the "Summary of the Proceedings" is available for perusal. An interesting

VERSLAG OOR DIE WERELDKONGRES INSAKE ENERGIE.

In die woorde van sy Sekretaris-General is „die Wêreldkongres insake Energie die enigste nie-regeringsorganisasie belas met die onderwerping van energie en met die wyse waarop energie in al sy aspekte geproduseer, vervoer, getransformeer en gebruik word, met verteenwoordiging van Nasionale Komitees uit 67 lande en wat oorlegplegende status by die Ekonomiese en Sosiale Raad van die Verenigde Volke geniet."

Die volgende liggame is in die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee verteenwoordig:—

Elektrisiteitsvoorsieningskommissie
Die Vereniging van Munisipale Elektrisiteitsondernemings.
Die Atoomkragraad
Die Kamer van Mynwese
Die Departement van Mynwese
Die Brandstofnavorsingsinstituut
Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad
Die S.A. Instituut van Elektrotegniese Ingenieurs.
Die S.A. Instituut van Meganiese Ingenieurs
Die S.A. Spoorweë
Die Departement van Arbeid.
Die S.A. Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie Beperk.
Die Departement van Beplanning

Die S.A. Komitee insake Groot Damme geniet die status van waarnemer.

Die Jaarvergadering van die S.A. Nasionale Komitee is in die Evkomsentrum, Johannesburg, op 18 Februarie 1972 onder voorsitterskap van Dr. R. L. Straszacker gehou. Die talryke sake wat bespreek is, het die volgende ingesluit:—

Agtste Raadplegende Vergadering: Hierdie vergadering is gedurende Junie 1971 in Boekarest gehou. Aangesien visums nie vir Suir-Afrikeense burgers beskikbaar was nie, was ons nie verteenwoordig nie. Daar is egter rede om te glo dat die drie tegniese referate wat deur lede van die S.A. Nasionale Komitee geborg is, in die notule van die verrigtinge sal verskyn.

Die tema van hierdie vergadering was „Die Verbetering van die gebruik van Energie, met spesiale verwysing na komplekse gebruike." Tweehonderd vier-en-dertig referate is voorgedra. 'n Afskrif van die „Opsomming van die Verrigtinge" is beskikbaar

item which emerged was the estimate that in the year 2000 energy consumption will exceed 20,000 million tons coal equivalent, which is three times the 1970 figure, while electric energy consumption will increase to more than six times the 1970 figure and will exceed 30,000 TWh. The question of pollution was always prominent and it seems likely that this factor will ultimately limit development.

Future Meetings: The next meeting of the International Executive Council will be held in Wairakei, New Zealand from the 19th to 21st September, 1972 Dr. Straszacker and Mr. Jan H. Smith of Escom will represent the South African National Committee.

The Ninth World Energy Conference will take place in Detroit, U.S.A. from the 22nd to the 27th September, 1974.

Survey of Energy Resources: The Department of Planning, as from this meeting, represented on the South African National Committee will undertake a study of the consumption of and the future demand for energy in its various forms, and will institute a survey of all our energy resources.

The results will be used in the formation of an energy policy for the Republic.

Conservation of the Environment: The World Energy Conference is giving considerable attention to the pollution of land, air and water arising from energy production plants. It is expected that a comprehensive report will be submitted to the United Nations as a contribution to the 1972 Conference on Human Environment.

It is already noted that the energy industries are taking a responsible attitude towards the effects of their operations on the environment and are doing a great deal to minimise any adverse effects. A sense of proportion is necessary in assessing the value of marginal improvements in relation to the cost of achieving them.

Increase in Subscriptions: As the result of rising costs, including an increase in the annual fee payable to the Central Office of the World Energy Conference by the South African National Committee, from 133 to 400 pounds sterling, it has been found necessary to raise the subscriptions payable by the constituent bodies. The annual contribution due from the Association of Municipal Electricity Undertakings has been fixed at R50, being an increase of R10.

R. W. BARTON,
Representative.

ter insae. 'n Interessante saak wat na vore gekom het, was die beraming dat kragverbruik in die jaar 2 000 die ekwiwalent van 20 000 miljoen ton steenkool te bowe sal gaan, wat drie keer die syfer vir 1970 is, terwyl die gebruik van elektriese energie sal toeneem tot meer as ses keer die syfer vir 1970 en 30 000 TWh te bowe sal gaan. Die kwessie van besoedeling het steeds na vore getree en dit wou voorkom asof hierdie faktor uiteindelik ontwikkeling aan bande sal lê.

Toekomstige Vergaderings: Die volgende vergadering van die Internasionale Uitvoerende Raad sal vanaf 19 tot 21 September 1972 in Wairakei, Nieu-Seeland gehou word. Dr. Straszacker en mnr. Jan H. Smith van Evkom sal die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee verteenwoordig.

Die negende Wêreldkongres insake Energie sal vanaf 22 tot 27 September 1974 in Detroit, V.S.A. gehou word.

